KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

**NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 23 AUGUSTUS 2016 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG**

**<u>TEENWOORDIG</u>**

**<u>RAADSLEDE</u>**

| | | |
|---|---|---|
| Rdh A De Vries | [DA] | Speaker |
| Rdh EB Manuel | [DA] | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdl Me SM Crafford | [DA] | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh RM Van Rooy | [DA] | |
| Rdl MA Wessels | [DA] | |
| Rdl J Daniëls | [DA] | |
| Rdl A Small | [DA] | |
| Rdl AJ Du Plooy | [DA] | |
| Rdl JJ Swart | [ANC] | |
| Rdl SIJ Smit | [ANC] | |
| Rdl SS Lesch | [ANC] | |
| Rdl SR Claassen | [ANC] | |

**<u>AMPTENARE</u>**

| | |
|---|---|
| Adv. H Linde | Munisipale Bestuurder |
| Mnr JA Van Niekerk | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr JWA Kotzee | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr H Kröhn | Direkteur Tegniese Dienste |
| Me JJ Erasmus | Interne Ouditeur |
| Me A Van Sittert | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr NJ Scheepers | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me CC Cloete | Senior Tikster |
| Me AA Somers | Klerk: Komitee Dienste |

AKSIE

**RVN013/08/2016**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Raadslid Du Plooy open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom. 'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan alle nuwe Raadslede en word hulle ook sterkte toegewens.

***

**RVN0014/08/2016**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Raadsheer J Josephus – mediese afspraak.

***

**RVN015/08/2016**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede teenwoordig verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange, met betrekking tot die items in die agenda, het nie.

**BESLUIT:**

1. Dat elke Raadslid binne 60 dae vanaf die datum waarop die Raadslid as Raadslid verkies is, skriftelik op die voorgeskrewe vorm sy/haar finansiële belange verklaar;
2. Dat elke Raadslid by die aanvang van elke vergadering hul belange verklaar; en
3. Dat die vorms voltooi word en voor einde September 2016 (by die Direkteur: Korporatiewe Dienste) ingehandig word.

***DIREKTEUR: KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN016/08/2016**
**BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP MAANDAG 18 JULIE 2016**
**3/3/2/2**
***(‘n Verslag met betrekking tot die implementering van Raadsbesluite word ter tafel gelê - Aanhangsel A)***

**BESLUIT:**

Dat die notule van die Spesiale Raadsvergadering gehou op Maandag 18 Julie 2016 bekragtig word, onderhewig aan die volgende regstelling, naamlik:

- RVN007: “Porterville” word vervang met “Piketberg”.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE A SOMERS***

***

**RVN017/08/2016**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende verklaring\mededelings:

- Die Voorsitter meld dat die induksie vir alle Raadslede vanaf 5-9 September 2016 plaasvind en noem dat indien Raadslede akkomodasie benodig, hul besonderhede aan Me Terry Wessels (Strategiese Beampte van die Uitvoerende Burgemeester) moet deurgee; en
- Die Voorsitter versoek dat alle nuwe Raadslede die Ordereëls en Gedragskode deeglik moet deurwerk.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings naamlik:

- Dat Salga versoek het dat die opleiding/induksie in Bergrivier Munisipaliteit moet plaasvind en dat sy almal op hoogte sal hou rakende die reëlings; en
- Dat die Bestuurder: Strategiese Dienste op Dinsdag 30 Augustus 2016 'n gespreksessie reël rakende die funksionering van Wykskomitees te Piketberg Munisipale kantore.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN018/08/2016**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**

Geen

***

**RVN019/08/2016**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN020/08/2016**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: RAADSHEERSKAP / RAADSDAMESKAP.**
**3/B**
***('n Verslag word ter tafel gelê - Aanhangsel B)***

Die Munisipale Bestuurder, lei die item in en meld dat 'n berekening met betrekking tot die toekenning van Raadsheer-/Raadsdameskap deur die administrasie gemaak is.

Die Munisipale Bestuurder meld dat Raadslid Crafford, vanaf 23 Augustus 2016 kwalifiseer vir die titel Raadsdameskap.

**BESLUIT:**

1. Dat die titel Raadsdame (Alderlady) met ingang van 23 Augustus 2016 aan Raadslid SM Crafford toegeken word; en
2. Dat 'n Oorkonde aan Raadsdame SM Crafford oorhandig word tydens die Raadsvergadering van Dinsdag 23 Augustus 2016.

***(Die Speaker oorhandig die Oorkonde van Raadsdameskap aan die Uitvoerende Onderburgemeester, waarna 'n fotosessie plaasvind en gelukwensings word deur die Direkteur Finansiële Dienste gedoen)***

***DIREKTEUR: KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN021/08/2016**
**<u>2017-2022 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN: PROSESPLAN</u>**
**9/1/2**
***( 'n Vervangingsblad vir P26 van die verslag word ter tafel gelê - Aanhangsel C)***

Die Munisipale Bestuurder gee 'n bondige opsomming van die item onder bespreking.

**<u>BESLUIT:</u>**

Dat die gewysigde Prosesplan vir die opstel van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir Bergrivier in terme van Artikel 28 van die Wet op Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000) goedgekeur word.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**RVN022/08/2016**
**<u>TIME SCHEDULE OF KEY DEADLINES: 2016/17 BUDGET AND INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN (IDP)</u>**
**9/1/2**

**<u>RESOLUTION:</u>**

1. That the time Schedule of Key Deadlines for 2016/17 Integrated Development Plan (IDP) and Budget be approved in terms of Sections 21(1)(b) and 53(1)(b) of the Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003) read together with Sections 28 and 34 of the Local Government Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000); and

2. That the time Schedule of Key Deadlines be made public in terms of Section 21 of the Local Government Municipal Systems Act (Act 32 of 2000).

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**RVN023/08/2016**
**<u>ARTIKEL 53 ROLUITKLARING EN VERANTWOORDELIKHEDE</u>**
**3/B**

Die Munisipale Bestuurder gee 'n bondige samevatting/opsomming van die item onder bespreking.

**<u>BESLUIT:</u>**

1. Dat kennis geneem word van die beleid en poging om uitvoering te gee aan Artikel 53 van die Stelselwet, wat vereis dat 'n munisipale raad 'n verklaring van voorneme moet onderteken ten aansien van die onderskeie rolle en verantwoordelikhede van politieke ampsbekleërs en die administrasie;

2. Dat Raadslede versoek word om hulle van die inhoud van die dokument te vergewis;

3. Dat die verklaring/eed van die voorneme as blyk van vereenselwiging, afgehandel is tydens die Inhuldigingsvergadering op Dinsdag 16 Augustus 2016; en

4. Dat kennis geneem word dat die Artikel 53 dokument by die Raad se delegasieregister (soos behandel onder item 024) geïnkorporeer is.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN024/08/2016**
**<u>STELSEL VAN DELEGASIES</u>**
**2/3**

Die Speaker en Munisipale Bestuurder lig die item in en moedig alle Raadslede aan om die Delegasies wat problematies is uit te lig of te identifiseer en dit onder die aandag van die Speaker te bring vir verdere bespreking.

Op versoek van die ANC-koukus bevestig die Munisipale Bestuurder, dat 'n werksessie met betrekking tot die Delegasies van bevoegdhede gereël word na die induksie van Raadslede, indien nodig.

**<u>BESLUIT:</u>**

1. Dat die Raad kennis neem dat die huidige stel delegasies van Bergrivier Munisipaliteit volledig hersien en goedgekeur is op 23 Junie 2015 (RVN010/06/2015);

2. Dat alle bestaande delegasies behou word totdat nuwe delegasies aangeneem word;

3. Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste die huidige delegasies en goedgekeurde organogram elektronies aan alle Raadslede uitstuur; en

4. Dat die Bestuurder: Strategiese Dienste die Jaarverslag 2014/2015, elektronies aan alle Raadslede uitstuur.

***DIREKTEUR: KORPORATIEWE DIENSTE***

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**RVN025/08/2016**
**AANWYSING VAN ARTIKEL 80 KOMITEES**
**3/2/2**

**BESLUIT:**

1. Dat die Raad die getal lede van elke komitee bepaal; en

2. Dat die onderskeie politieke partye hul Raadslede (voor/op Vrydag 26 Augustus 2016) aanwys om op die portefeulje komitees te dien.

***PARTY SWEPE***

***

**RVN026/08/2016**
**AANWYSING VAN VERTEENWOORDIGERS OP ARBEIDSFORUM EN OPLEIDINGSKOMITEE**
**3/2/2**

***Die ANC-koukus versoek dat die Opposisie ook sittingsreg moet hê op die Arbeidsforum en Opleidingskomitee en meld dat dit belangrik is dat albei partye in die Raad daarop moet dien.***

**BESLUIT:**

1. Dat die Speaker kennis neem van die versoek en dat oorweging daaraan geskenk word;

2. Dat die Raad die Werkgewer Verteenwoordiging op die Arbeidsforum en Opleidingskomitee bepaal.

***SPEAKER***

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN027/08/2016**
**APPOINTMENT OF REPRESENTATIVES ON THE RISK MANAGEMENT COMMITTEE**
**12/2/2/2**

The Municipal Manager gave a brief summary of the item under discussion.

**RESOLUTION:**

That the following council members be appointed as representatives on the Risk Management Committee in line with the Risk Committee Charter:

- The Executive Mayor (ex officio)
- The Portfolio Chair of Finance (Deputy Mayor)
- The Portfolio Chair of Technical Services and
- The Portfolio Chair of Corporate Services

***INTERNAL AUDITOR***

***

**RVN028/08/2016**
**AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE OORSIGKOMITEE**
**12/2/2/2**

Die Munisipale Bestuurder brei kortliks uit oor die item onder bespreking.

Die ANC-koukus versoek dat 'n advertensie geplaas word, sodat die breë publiek aan die proses kan deelneem.

Op versoek van Raadslid Claassen staan die Speaker om 15:15 'n koukusgeleentheid toe, waarna die vergadering hervat word om 15:25.

Na die koukus lewer Raadslid Smit kommentaar met betrekking tot Mnr Graham Lawrence en Raadsheer Raats, as genomineerdes vir die Oorsigkomitee.

Die Munisipale Bestuurder versoek dat die ANC-koukus hul beswaar op skrif moet indien, sodat dit aan die voorsitter deurgegee kan word.

**BESLUIT**:

1. Dat mnr Nick Stevens aangewys word as lid en die Voorsitter van die Oorsigkomitee vir die termyn van die Raad (2016 – 2021);
2. Dat Raadsheer Johan Raats aangewys word as lid van die Oorsigkomitee vir die termyn van die Raad (2016 – 2021);
3. Dat mnr Graham Lawrence heroorweeg word as die verteenwoordiger van die Oorsigkomitee;
4. Dat beide die ANC en die DA versoek word om twee raadslede uit hul geledere te nomineer om op die Oorsigkomitee te dien vir die termyn van die Raad (2016 – 2021). Skriftelike nominasies deur die hoofswepe moet die Munisipale Bestuurder bereik teen Vrydag 26 Augustus 2016; en
5. Dat geen lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee genomineer mag word nie.

***PARTY SWEPE***

***INTERNE OUDITEUR***

***

**RVN029/08/2016**
**AANWYSINGS VAN VERTEENWOORDIGERS VIR ANDER RAADSAANGELEENTHEDE**
**12/2/2/2**

**BESLUIT:**

Dat die politieke partye hul Verteenwoordigers vir ander Raadsaangeleenthede skriftelik deurgee aan die Munisipale Bestuurder op Vrydag 26 Augustus 2016.

***PARTY SWEPE***

***DIREKTEUR: KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN030/08/2016**
**<u>VERKIESING VAN VERTEENWOORDIGERS OP SALGA WERKSGROEPE</u>**
**12/2/2/2**

**<u>BESLUIT:</u>**

Dat die politieke partye hul Verteenwoordigers op die Salga Werksgroepe skriftelik deurgee aan die Munisipale Bestuurder op Vrydag 26 Augustus 2016.

***PARTY SWEPE***

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN031/08/2016**
**<u>AANWYSING VAN VERTEENWOORDIGERS OP BUITE LIGGAME</u>**
**12/2/2/2**

**<u>BESLUIT:</u>**

Dat die politieke partye hul verteenwoordigers op Buite Liggame skriftelik deurgee aan die Munisipale Bestuurder op Vrydag 26 Augustus 2016.

***PARTY SWEPE***

***DIREKTEUR: KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN032/08/2016**
**<u>RUMUNERATION OF PUBLIC OFFICE BEARERS</u>**
**5/11/1**

Die Munisipale Bestuurder en Speaker lig kortliks die verslag toe.

**<u>BESLUIT:</u>**

1. Dat die Raadslede volledige beskrywing / inligting van eiendomme en voertuie vir die Versekering van die Spesiale Risikodekking, voor of op 30 Augustus 2016 aan die Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste voorsien; en

2. Dat die Raadslede kennis neem van bogenoemde vergoeding en toelaes.

***RAADSLEDE***

***DIREKTEUR: KORPORATIEWE DIENSTSE***

***

**RVN033/08/2016**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 21 JUNIE 2016**
**1/4/1**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Dinsdag 21 Junie 2016.

***

**RVN034/08/2016**
**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME**
**3/2/1/3**

Die Speaker bevestig dat die notules van die Wykskomitees voortaan voorgelê sal word aan die Raad.

***SPEAKER***

***

**RVN035/08/2016**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**RVN036/08/2016**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:45***

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE.***

________________________ ________________

***VOORSITTER (SPEAKER)*** ***DATUM***

***